



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN
2016

10710
REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

26 bladsye

REKENINGKUNDE
1071A



10710A

X10



**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN – 2016**

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die onderstaande instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, moet alle bewerkings tot EEN desimale punt bereken word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting hieronder in die tabel as gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Bank en Krediteure Rekonsiliasie	Finansiële Rekeningkunde Bank en Krediteure Rekonsiliasie Bestuur van hulpbronne Interne kontroleprosesse

VRAAG 2: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging, konsepte en aantekeninge Gelykbreekpunt	Bestuursrekeningkunde Direkte arbeidskoste, Fabrieksbokoste en Produksiekostestaat, Veranderlike koste en Bruto Wins Ontleding en vertolking van die gelykbreekpunt

VRAAG 3: 70 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Maatskappy finansiële state en ouditverslag	Finansiële Rekeningkunde Inkomstestaat, Balansstaat en Notas: Vaste Bates, Gewone Aandelekapitaal en Handels- en ander betaalbares. Ouditeursverslag Bestuur van hulpbronne Etiek

VRAAG 4: 60 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Kontantvloeistaat Ontleding en Verhoudinge	Finansiële Rekeningkunde Berekening van inkomstebelasting, aankope van vastebates, netto verandering in kontant en kontantekwivalente, kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite, verhoudingsanalise en interpretasie Bestuur van hulpbronne Internekontrole-proses

VRAAG 5: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
BTW en voorraadwaardasie	Finansiële Rekeningkunde BTW berekeninge en Geweegde Gemiddelde-metode Bestuur van hulpbronne Voorraadwaardasie metodes Interne kontrole

VRAAG 6: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Kontantbegroting en kostekonsepte	Bestuursrekeningkunde Kontantbegroting-berekeninge, Debiteure-Invorderingskedule Ontleding en interpretasie van Kontantbegroting Bestuur van hulpbronne Interne kontrole-prosesse en Etiek

VRAAG 1: BANK EN KREDITEUREREKONSILIASIE**(35 punte; 20 minute)****1.1 BANKREKONSILIASIE**

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel uit die rekenkundige rekords van Goniwe Handelaars vir Julie 2016.

GEVRA:

- 1.1.1 Bereken die banksaldo soos op 31 Julie 2016. (11)
- 1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2016 op. (7)
- 1.1.3 **Verwys na Inligting F.**
Verduidelik EEN interne kontrolemaatstaf wat gebruik kan word om te verseker dat hierdie probleem nie weer opduik nie. (2)

INLIGTING:

- A.** Die volgende is 'n uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2016.

Ongunstige saldo soos per Bankstaat	19 650
Ongunstige saldo soos per Bankrekening	?
Uitstaande deposito's	9 500
Uitstaande tjeks: Nr. 523	2 950
Nr. 642	400

- B.** Voorlopige totale soos op 31 Julie 2016:

Kontantontvangstejoernaal R123 800
Kontantbetalingsjoernaal R 90 950

- C.** Na 'n vergelyking van die Julie-Bankstaat en die Julie-kontantjoernale, is die volgende verskille ontdek:

- Rente op ongunstige banksaldo, R270.
- Die maandelikse aftrekorder vir versekering, R2 400 betaalbaar aan Better Versekeraars.
- 'n Deposito van R9 500 is op 30 Junie 2016 gemaak en verskyn nie in die joernale nie.
- Die huurder het haar deposito van R6 000, direk in die onderneming se bankrekening gedeponeer.

- 'n Tjek vir R1 900 ontvang van 'n debiteur, Bhengu Cafe, is deur die bank teruggestuur gemerk "onvoldoende fondse". Die tjek is oorspronklik ontvang ter vereffening van sy rekening van R2 000.
 - Tjek no. 642 vir R400 verskyn op die bankstaat, maar nie in die kontantjoernale vir Julie 2016 nie.
 - Tjek no. 650 verskyn in beide die Kontantbetalingsjoernaal en die Bankstaat. Die bankstaat reflekteer die korrekte bedrag as R5 700, terwyl die Kontantbetalingsjoernaal dit aantoon as R7 050.
- D.** Die onderstaande items verskyn in die Julie 2016 kontantjoernale, maar verskyn nie in die Julie Bankstaat nie:
- 'n Deposito gedeponeer op 30 Julie 2016 vir R12 800
 - Tjek nr. 687, R950, gedateer 11 Julie 2016
 - Tjek nr. 692, R4 750 gedateer 28 September 2016
- E.** Tjek no. 523 vir R2 950 verskyn steeds nie op die Bankstaat nie. Hierdie tjek was gedateer 18 Januarie 2016 en was 'n betaling aan die Kinderfonds.
- F.** Tydens sy ondersoek, het die interne ouditeur gevind dat R9 600 wat ontvang is van 'n debiteur op 25 Junie 2016 nie aangeteken is nie. Die nodige inskrywings is op 5 Julie 2016 aangeteken.

1.2 KREDITEURE REKONSILIASIE

Die onderstaande inligting verwys na Imali Handelaars vir Augustus 2016.

GEVRA:

- 1.2.1 Verduidelik waarom die saldo van die Krediteurekontrole-rekening en die totaal van die Krediteurelys ooreen moet stem. (2)
- 1.2.2 Rekonsilieer die Krediteurekontrole-rekening met die Krediteurelys op 31 Augustus 2016. Die Krediteurekontrole-rekening begin met R108 450 en die Krediteurelys met R104 865. (Die saldo in die Krediteurekontrole-rekening was R108 450 en die saldo van die Krediteurelys was R104 865. (13)

INLIGTING:

Die volgende foute en weglatings is opgespoor tydens die ondersoek:

- A. Die Krediteurejoernaal was oorbereken met R1 080.
- B. 'n Debietnota van R825 was in die Krediteurejoernaal aangeteken. Die korrekte inskrywing is in die Krediteure Grootboek aangeteken.
- C. 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R405 was per ongeluk ingesluit in die krediteurelys.
- D. 'n Faktuur vir R981 ontvang van 'n krediteur was verkeerd aangeteken as R918 en so oorgeboek.
- E. BTW van R810 was uitgelaat op 'n faktuur van 'n krediteur.
- F. Dra die kredietsaldo van R180 van 'n debiteur in die Debiteure Grootboek oor na sy rekening in die Krediteure Grootboek.
- G. Die bedrag van R1 260 wat gereflekteer is in die Krediteurekontrole-rekening, was ontvang van 'n debiteur wie se rekening voorheen as oninbaar afgeskryf is. Geen inskrywing vir hierdie bedrag is in die Krediteure Grootboek aangeteken nie.

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO**

VRAAG 2: VERVAARDIGING, KONSEPTE EN NOTAS**(40 punte; 25 minute)****KONSEPTE****GEVRA:**

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs “waar” of “onwaar” langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Advertensies is deel van die verkoop en verspreidingskoste. (1)

2.1.2 Die voorman se salaris is deel van direkte materiaalkoste. (1)

2.1.3 Vraggeld op Grondstofvoorraad aangekoop verminder die koste van materiaal uitgereik vir produksie. (1)

2.2 DIE KLEREFABRIEK-WINKEL

Nkosi Mlambo is die eienaar van die besigheid. Hulle vervaardig en verkoop sweetpakke. Die onderstaande inligting het betrekking op die produksie in haar fabriek.

GEVRA:

2.2.1 Stel die Fabrieksbokoste-nota tot die Produksiekostestaat op. (14)

2.2.2 Bereken die volgende op 29 Februarie 2016:

- Direkte materiaalkoste (7)
- Direkte arbeidskoste (4)

INLIGTING:**A. Saldo's:**

	29 Februarie 2016	1 Maart 2015
Grondstofvoorraad	251 000	164 800
Goedere-in-bewerking	445 450	223 700
Klaarprodukte	?	569 500
Indirekte materiaal	7 300	9 800

B. Transaksies vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016:

Aankope: Grondstofvoorraad	950 800
Aankope: Indirekte materiaal	39 800
Vraggeld op aankope van grondstofvoorraad	47 500
Advertensies	29 500
Huuruitgawe	130 000
Waardevermindering op: Fabriekstoerusting	56 250
Afleweringervoertuie	49 500

C. Addisionele inligting:

- Die boekhouer het nagelaat om 'n faktuur vir R300 000 aan te teken waarop handelskorting van 25% op grondstofvoorraad-aankope ontvang is.
- Twee derdes ($\frac{2}{3}$) van die indirekte materiaal word in die fabriek gebruik.
- Salarisse en Lone**
 - Salaris van die fabrieksvoorman, R216 000.
 - Verdienste deur die fabriekswerkers word in die onderstaande opsomming van die Loonjoernaal aangedui:

Aftrekkings			Werkgewers- bydrae	Netto Lone
LBS	WVF	Pensioen		
R140 000	R9 600	R78 800	R97 856	R844 600
Totale aftrekkings = R228 400				

Bydraes word geag as deel van die fabriekslone.

- Indirekte lone:

Ses (6) deeltydse werkers maak die fabriek skoon teen R50 per uur elk. Hulle werk elkeen 192 ure normale tyd. Drie (3) van die werkers het elk 40 ure oortyd gewerk teen die normale tarief plus 50%.
- Huuruitgawe sluit die huur vir Maart 2016 in. Daar was geen verhoging in die huur vir die finansiële jaar nie. Huur word proporsioneel verdeel tussen die verskeie departemente volgens die vloerspasië wat hulle gebruik:
 - Fabriek : 600 m²
 - Administrasiekantoor : 250 m²
 - Verkoopsafdeling: 150 m²

2.3 FAST MOVERS FABRIEKSWINKEL

Die besigheid word besit deur Patrick Pillay. Hy benodig jou hulp.
Haal syfers aan, in elke situasie om jou opinie te staaf.

GEVRA:

2.3.1 Gelykbreekpunt:

- Bereken die gelykbreekpunt. (4)
- Patrick is tevrede met die gelykbreekpunt. Verduidelik. (4)
Haal syfers aan om jou verduideliking te staaf.

2.3.2 Verwys na die spesifieke eenheidskoste.

- Identifiseer een spesifieke fabriekskoste wat verbeter het. Haal syfers aan. Gee EEN rede hiervoor. (4)

INLIGTING:

	2016	2015
Totale eenhede geproduseer & verkoop	12 000 eenhede	9 000 eenhede
Gelykbreekpunt in eenhede	?	7 000 eenhede
Verkoopsprys per eenheid	R270,00	R220,00
TOTALE VERANDERLIKE KOSTE	R1 956 000	R1 560 000
VERANDERLIKE KOSTE PER EENHEID	R170,00	R166,00
Direkte materiaalkoste per eenheid	R85,00	R95,00
Direkte arbeidskoste per eenheid	R57,00	R43,00
Verkoops- en verspreidingskoste per eenheid	R28,00	R28,00
TOTALE VASTE KOSTE	R612 000	R536 400
VASTE KOSTE PER EENHEID	R51,00	R59,60
Fabrieksbokoste per eenheid	R36,50	R42,60
Administratiewe koste per eenheid	R14,50	R17,00

VRAAG 3: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE EN OUDITVERSLAG**(70 punte; 45 minute)****3.1 MAATSKAPPYKONSEPTE**

Pas die konsepte in **Kolom A** by die beskrywings in **Kolom B**. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Aandeelhouers	A	'n Vaste deposito van R50 000 verval in die volgende finansiële jaar.
3.1.2	Direkteure	B	Belegging van R200 000 gemaak teen 7,5% rente oor 'n tydperk van 5 jaar.
3.1.3	Bedryfsbates	C	Eienaars van die maatskappy
3.1.4	Finansiële Bates	D	Individue wat gekies is om die maatskappy te bestuur.

(4)

3.2 YEH HAI BEPERK

Die volgende inligting hou verband met Yeh Hai Beperk. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016. Die maatskappy gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

GEVRA:

3.2.1 Voltooi die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2016. Sommige bedrae is reeds vir jou ingevul in die Inkomstestaat.

(35)

3.2.2 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat (Staat van Finansiële posisie)

- Vaste / Tasbare Bates (Verwys na inligting C.)
- Gewone Aandelekapitaal (Verwys na inligting D.)

(13)

(9)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die lys van Saldo's/Totale op 29 Februarie 2016

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 29 FEBRUARIE 2016	
Balansstaat Rekening-Afdeling	R
Gewone Aandelekapitaal	?
Behoue Inkomste (1 Maart 2015)	1 525 000
Grond en Geboue	6 789 720
Voertuie	452 000
Toerusting	760 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2015)	236 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2015)	650 000
Handelsvoorraad	1 534 000
Debiteurekontrole	521 300
Voorsiening vir Oninbare Skulde	22 000
Krediteurekontrole	774 290
SAID: Inkomstebelasting (Dt)	150 000
SAID: LBS	44 800
Pensioenfonds	15 800
Nominale Rekening-Afdeling	
Verkope	5 970 000
Koste van Verkope	3 200 000
Debiteure-afslag	70 000
Salarisse en Werkgewersbydraes	921 268
Direkteursfooie	840 000
Ouditeursfooie	76 000
Diverse uitgawes	292 330
Oninbare skulde	12 100
Oninbare skulde verhaal	3 860
Huurinkomste	234 000
Rente op vaste deposito	27 000
Gewone aandele dividende	55 000

B. AANSUIWERINGS:

- (i) 'n Debiteur wat foutiewe voorraad met 'n verkoopprys van R15 000 teruggestuur het. Voorraad word verkoop teen 'n winsopslag van 50% op kosprys.
- (ii) Die fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2016 vir handelsvoorraad voorhande, R1 531 000.
- (iii) 'n Debiteur, B Laat, is insolvent verklaar. Sy boedel betaal 40c in die rand. R450 is reeds ontvang en aangeteken. Skryf die res as oninbaar af.

- (iv) Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot R20 321.
- (v) Advertensies is ingesluit in Diverse uitgawes. 'n Bedrag van R30 000 is reeds betaal vir Januarie tot Maart 2016.
- (vi) 'n Bedrag van R24 000 is nog verskuldig aan ouditeure.
- (vii) Die huurinkomste is vir drie maande vooruit ontvang. Die huur is verhoog met 10% op 1 Desember 2015.
- (viii) Die leningstaat van Rand Bank reflekteer die volgende:

Saldo aan die begin van die finansiële jaar	R948 000
Terugbetalings gedurende die jaar	423 000
Rente gekapitaliseer	?
Saldo aan die einde van die finansiële jaar	R600 000

- (ix) **SAID Inkomstebelasting:**

R17 000 word steeds aan SAID geskuld.

C. Vaste Bates

- (i) Grond en geboue is gedurende die jaar aangekoop vir R2 000 000. Dit is behoorlik geboekstaaf.
- (ii) Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% per jaar volgens die verminderde saldo metode. Die totale waardevermindering vir die jaar beloop R83 200.

Op 29 Februarie 2016 is 'n voertuig met kosprys van R200 000 vir R118 000 kontant verkoop. Die besigheid het 'n verlies van R10 000 gely met die verkoop van die bate.
- (iii) Waardevermindering op toerusting word bereken teen 15% per jaar volgens die kosprysmetode. Toerusting is baie oud en sal in die nabye toekoms vervang moet word.

D. Aandele en Dividende

- (i) Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 3 000 000 gewone aandele.
- (ii) 2 000 000 aandele is uitgereik op 1 Maart 2015, R5 000 000.
- (iii) 250 000 aandele word uitgereik teen R7 elk op 1 April 2015.
- (iv) Die direkteure het besluit om 10 000 aandele terug te koop van Yolisa, 'n bestaande aandeelhouer, teen R4,50 per aandeel. 'n Elektroniese oorplasing is op 1 Desember 2015 gemaak. Sy is geregtig op 'n finale dividende aan die einde van die jaar.

3.3 OUDIT VAN PROTEA BEPERK

Jy word voorsien van die volgende uittreksel van Protea Beperk se verslag vanaf die onafhanklike ouditeur.

GEVRA:

- 3.3.1 Kies die korrekte antwoord uit die woorde tussen hakies. Skryf net jou antwoord in jou ANTWOORDBOEK neer.
Die besigheid het 'n (gekwatificeerde, ongekwalifiseerde), weerhoude verslag ontvang.
Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)
- 3.3.2 Aan wie is die ouditeursverslag gerig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 3.3.3 Verduidelik waarom dit 'n vereiste van die Maatskappywet is dat publieke maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geaudit moet word. Gee EEN rede. (2)
- 3.3.4 Die ouditeursverslag vewys na die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaard (IFRS). Verduidelik waarom die ouditeure IFRS in berekening moet bring wanneer hulle hul opinies lig. (2)

INLIGTING:**UITTREKSEL****Ouditmening**

Ons het die finansiële state van Protea Beperk vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2016 geoudit. Die finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure.

Basis vir Voorwaardelike Verslag

Tydens die verloop van ons audit het ons vasgestel dat die waardasie van vaste bates en voorraad wesenlik oorbeklemtoon is deur 'n bedrag van R12 miljoen.

Ouditmening

As gevolg van die belang van die bogenoemde aangeleentheid, het ons nie voldoende auditbewyse gevind om 'n basis vir 'n auditmening te bied verkry nie. Gevolglik het ons nie 'n mening oor die finansiële state van Protea Beperk vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016 voorsien nie. Dit is in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Nandi & Isha, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT EN VERHOUDINGSONTLEDING**(60 punte; 35 minute)****4.1 KONSEPTE**

Die volgende bewerings het betrekking tot die Kontantvloeistaat. Kies die korrekte antwoord uit die onderstaande opsies, sodat die bewerings voltooi is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

rente inkomste; uitvloeï;	uitgesluit; rente uitgawe	invloei; ingesluit
------------------------------	------------------------------	-----------------------

- 4.1.1 ... word bygetel by die netto wins in die kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite, aangesien dit 'n finansieringskoste is. (1)
- 4.1.2 'n Toename in voorraad dui op ... van kontant. (1)
- 4.1.3 Aandeelhouders vir dividende sal ... wanneer verandering in bedryfskapitaal bereken word. (1)

4.2 MIKA BEPERK

Mika Beperk het jou voorsien van uittreksels uit hul finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016, tesame met vergelykende syfers van 2015.

GEVRA:

- 4.2.1 Vir die doel van die Kontantvloeistaat, bereken die Inkomstebelasting betaalbaar vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (5)
- 4.2.2 Berei die afdeling van die Kontantvloeistaat voor wat die kontantvloei van finansieringsaktiwiteite toon vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (9)
- 4.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 29 Februarie 2016: (Rond alle berekeninge af tot EEN desimale plek of tot die naaste sent, waar van toepassing).
- Opbrengs op gemiddelde aandeelhouders ekwiteit (OOAHB) (5)
 - Skuld / Ekwiteitsverhouding (3)

- 4.2.4 Lewer kommentaar oor die volgende finansiële aanwysers. Neem kennis dat die beoogde winsopslag 50% op koste van verkope is.
- % bruto wins op koste van verkope
 - % bedryfsuitgawes op verkope
- In elke geval, gee 'n rede vir die verbetering of die afname. Haal syfers aan. (8)
- 4.2.5 Die direkteur is van mening dat die aandeelhouders gelukkig behoort te wees met die winsprestasie van die maatskappy. Verduidelik en haal TWEE finansiële aanwysers aan of werklike verhoudings / persentasies om hul opinie te staaf. (6)
- 4.2.6 Jy is 'n aandeelhouer van Mika Beperk. Bereken die prys waarteen die nuwe aandele aangebied word. Lewer kommentaar oor die verkoopsprys van die nuwe aandele. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (7)
- 4.2.7 Een van die direkteure voel dat die lening so gou as moontlik terugbetaal moet word. Stem jy saam? Verduidelik deur TWEE finansiële aanwysers (met bedrae) aan te haal om jou antwoord te staaf. (5)
- 4.2.8 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers aan (bedrae / verhouding / persentasies) en toon ook die neiging. (9)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die finansiële state**

	29 Feb 2016	28 Feb 2015
Rente uitgawe	39 000	56 000
Waardevermindering	112 000	82 000
Netto wins voor belasting	1 500 000	600 000
Netto wins na belasting	1 080 000	432 000
Vaste/Tasbare Bates	3 057 200	2 875 200
Finansiële Bates (Vaste Deposito)	931 800	1 006 000
Kontant en kontantekwivalente	1 066 000	0
Aandeehouersbelang	5 200 000	3 584 200
Gewone Aandelekapitaal	4 800 000	3 200 000
Behoue Inkomste	400 000	384 200
Nie-bedryfslaste	260 000	1 880 000
SAID (Inkomstebelasting)	94 000 (Dt)	36 000 (Kt)
Bankoortrekking	0	175 000

B. ADDISIONELE INLIGTING:

- Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite is bereken op R3 770 800.
- Vate Bates met 'n kosprys van R550 000 en opgehoopte waardevermindering van R350 000 is verkoop teen drawaarde gedurende die finansiële jaar.
- Vaste Bates is aangekoop gedurende die finansiële jaar.
- Inkomstebelasting is bereken teen 28% van die netto wins voor belasting.
- Totale dividende verklaar gedurende die jaar beloop R890 000.
- 320 000 aandele is uitgereik aan die begin van die finansiële jaar.
- Op 1 April 2015 het die maatskappy se raad van direkteure die terugkoop van 20 000 aandele van 'n ongelukkige aandeelhouer gemagtig. 'n Terugkoopprys van R17,00 per aandeel is vasgestel. 'n Elektroniese oorbetalings is aan die aandeelhouer gemaak.
- 150 000 nuwe aandele is op 1 September 2015 uitgereik.

C. FINANSIËLE AANWYSERS:

AANWYSERS	2016 Einde van die jaar	2015 Begin van die jaar
Opbrengs op aandeelhoudersbelang na belasting	?	15,5%
Opbrengs op kapitaal aangewend	35%	21%
Verdiens te per aandeel	150 sent	68 sent
Dividende per aandeel	124 sent	115 sent
Netto batewaarde per aandeel	1155 sent	1120 sent
Bedryfsverhouding	1,8 : 1	1,4 : 1
Vuurproefverhouding	0,9 : 1	0,7 : 1
Vorraadomsetsnelheid	4,2 keer p.j.	3,5 keer p.j.
Debiteure invorderingsperiode	60 dae	75 dae
Skuld / Ekwiteitsverhouding	?	0,5 : 1
% Bruto wins op Koste van verkope	42%	39%
% Bedryfsuitgawes op Verkope	19%	25%
Rentekoers op lening	10,5%	10%
Rentekoers op belegging	8,5%	9%
Markprys per aandeel op JEB	1410 sent	1230 sent

VRAAG 5: BTW EN VOORRAADWAARDASIE**(45 punte; 25 minute)****5.1 BTW KONSEPTE**

Kies die korrekte woord uit die gegewe woorde in hakies.

5.1.1 (Inset BTW / Uitset BTW) is BTW wat van kliënte gehef word. (1)

5.1.2 'n Kredietsaldo in die BTW Kontrolerekening dui aan dat die BTW van die besigheid (betaalbaar aan / ontvangbaar van) SAID is. (1)

5.1.3 Belasting (ontduiking / vermyding) is onwettig en strafbaar deur die gereg. (1)

5.2 BTW BEREKENINGE

Bluebell Winkels is 'n BTW geregistreerde onderneming. Jy word voorsien van die BTW rekords vir die periode geëindig 29 Februarie 2016.

GEVRA:

Bereken die bedrag BTW betaalbaar aan OF ontvangbaar is van die SAID op 29 Februarie 2016. (12)

INLIGTING:

A. Die BTW Kontrolerekening het 'n kredietsaldo van R5 700 op 1 Januarie 2016.

B. Opsomming van transaksies vir die 2 maande geëindig op 29 Februarie 2016.

	BTW Uitgesluit	BTW	BTW Ingesl it
Krediet aankope van hande svoorraad	588 600	?	
Verkope van handelsvoorraad		?	556 320
Terugsendings vanaf debiteure		12 880	
Terugsendings aan krediteure		700	
Handelsvoorraad geneem deur die eienaar vir eie gebruik	17 000	?	19 380
Korting toegestaan aan debiteure ter vereffening		2 336	

5.3 VOORRAADWAARDASIE

Manie Handelaars verkoop handelsmerk Amor Skoene en skoenbykomstighede. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadstelsel. Die finansiële jaar eindig jaarliks op 30 Junie.

GEVRA

5.3.1 Waarvoor staan die afkorting *EIEU*? (1)

5.3.2 **Verwys na inligting A.**

Bereken die eindvoorraad van die skoene volgens die geweegde gemiddelde metode op 30 Junie 2016. (10)

5.3.3 **Verwys na inligting B.**

- Bereken die aantal gesteelde items van skoenbykomstighede. (4)
- Bereken die gemiddelde voorraadomsetsnelheid in dae vir die skoenbykomstighede. (8)
- Dink jy Manie Handelaars moet voortgaan met die koop en verkoop van skoenbykomstighede voorraad? Verskaf TWEE punte van advies. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (7)

INLIGTING

A. SKOENE

Besonderhede	Aantal items	Eenheids Prys	Totaal R
Beginvoorraad	235		163 150
Aankope	1 525		1 144 300
September 2015	870	720	626 400
Desember 2015	230	755	173 650
Mei 2016	425	810	344 250
Eindvoorraad	400	?	?
Verkope	1 210	1 450	1 754 500

150 pare skoene is teruggestuur vanaf die September 2015 aankope.

B. SKOENBYKOMSTIGHEDE

Besonderhede	Aantal items	Totaal
Beginvoorraad	575	35 000
Aankope	2 625	?
	3 200	?
Totale Verkope	1 700	85 000
Eindvoorraad	1 020	40 800

Die winsgrens op bykomstighede is 25% op kosprys.

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO**

VRAAG 6: KONTANTBEGROTING EN KONSEPTE**(50 punte; 30 minute)**

Die onderstaande inligting het betrekking op Teltron Handelaars, eienaar is Zebs Zungu. Die besigheid spesialiseer in elektroniese produkte. Die finansiële jaar eindig op 31 Desember 2016.

GEVRA:

- 6.1 Dui aan of die volgende bewerings WAAR of ONWAAR is.
- 6.1.1 Die saldo op die Kontantbegroting verteenwoordig die wins verdien. (4)
- 6.1.2 Alle geprojekteerde ontvangstes en betalings word aangeteken in die kontantbegroting. (4)
- 6.1.3 Wins met verkoop van bate sal die saldo in die kontantbegroting verhoog. (3)
- 6.1.4 R17 000 ontvang vir die verkoop van toerusting moet in die Geprojekteerde Inkomstestaats verskyn as 'n bedryfsinkomste. (9)
- 6.2 Identifiseer 'n verkeerde inskrywing in die kontantbegroting en verduidelik waarom hierdie inskrywing verkeerd is. (12)
- 6.3 Op watter DRIE maniere kon die aankoop van Grond en Geboue gefinansier word? (6)
- 6.4 Voltooi die Debiteure-Invorderingskedule vir die begrote periode. (5)
- 6.5 Bereken die ontbrekende getalle by A – E in die kontantbegroting. (9)
- 6.6 **Verwys na Inligting H.**
- Zebs Zungu is bekommerd oor sekere aspekte in sy besigheid.
- Lewer kommentaar oor die kontant en kredietverkope. Verduidelik hoe hierdie bedrae die kontantvloei van die besigheid beïnvloed. Haal syfers aan. (6)
 - Was die advertensieveldtog tot voordeel vir die besigheid? Verduidelik. Haal syfers aan. (5)
 - Dink jy die invorderings vanaf debiteure word goed beheer? Verduidelik. Haal syfers aan. Gee TWEE punte van advies. (9)

INLIGTING:

A. KONTANTBEGROTING VIR OKTOBER EN NOVEMBER 2016

Kontantontvangste	OKTOBER	NOVEMBER
Kontantverkope	55 000	E
Addisionele Lening		400 000
Vaste Deposito verval		250 000
Debiteure-Invorderings		
Totale Ontvangste		
Kontantbetalings	35 000	
Kontant Aankope		38 500
Betalings aan Krediteure	D	71 500
Salarisse	55 000	C
Advertensies	11 000	15 000
Telefoon	8 400	9 000
Voertuig-uitgawes	6 906	7 113
Huuruitgawe	12 000	
Grond-en-Geboue		1 200 000
Munisipale eiendomsbelasting		1 000
Waardevermindering	5 000	
Rente op lening		4 000
Herstelwerk aan Toerusting	8 200	10 200
Onttrekkings	30 000	30 000
Totale Betalings		
Kontantoorskot / Tekort		B
Banksaldo aan die begin van die jaar		550 000
Banksaldo aan die einde van die jaar	A	(35 703)

B. Inligting in verband met verkope en debiteure

Maand	Werklike Verkope	Geprojekteerde verkope	Ontvangs vanaf debiteure
Augustus 2016	180 000		
September 2016	200 000		?
Oktober 2016		220 000	?
November 2016		?	34 200

C. Debiteure

Volgens die onderneming se kredietbeleid het debiteure 30 dae om hulle rekeninge te vereffen.

Invorderings vanaf debiteure vind soos volg plaas:

- 20% betaal in die transaksiemaand, onderhewig aan 5% korting.
 - 30% in die maand wat op die transaksiemaand volg.
 - 48% in die tweede maand na die transaksiemaand.
- Die uitstaande 2% sal as oninbare skuld afgeskryf word na die derde maand.

D. 75% van alle verkope was op krediet.

E. Geprojekteerde kredietverkope vir September 2016 is R180 000.

F. Krediteure en Handelsvoorraad

- Dit is die onderneming se beleid dat handelsvoorraad op 'n vaste basis van R175 000 gehou word. (Voorraad word maandeliks vervang.)
- Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 100% op kosprys.
- 35% van alle voorraad word op krediet aangekoop.
- Krediteure laat die onderneming streng 30 dae krediet toe. Hierdie voorwaardes word deur die onderneming nagekom.

G. Salarisse

Die besigheid het addisionele arbeiders in diens geneem teen 'n koste van R10 090 per maand met effek vanaf 1 November 2016.

H. Uittreksel uit die Augustus 2016 Kontantbegroting

	Augustus Begroot	Augustus Werklike
Kontantverkope	55 000	42 000
Kredietverkope	135 000	180 000
Invorderings vanaf Debiteure	141 150	86 500
Advertensies	11 000	22 000

TOTAAL: 300**EINDE**